Communicare 7(2):62-64

# Die SAUK en die Regering se Kommunikasiefilosofie

**Pieter Mulder**

Is die SAUK deel van die regering se staatspropagandamasjinerie?

Wat was mnr. Eksteen se rol by die SAUK?

Betree die SAUK 'n nuwe bedeling of dinastie met die aanstelling van mnr. Harmse as Direkteur-generaal?

Mag belastingbetalersgeld deur die staatsowerheid gebruik word om sy beleid aan alle kiesers, ook die wat van hom verskil, te verkondig?

Wat is die verskil tussen staatsinligting en die regering van die dag se partypolitieke propaganda?

Hierdie en soortgelyke vrae word vandag in S.A. gevra te midde van 'n groeiende bekommernis dat die huidige regering geensins sensitief is vir die problematiek wat hierdie sake omring nie.

Dit word vandag algemeen aanvaar dat die moderne staatsowerheid na buite en na binne moet kommunikeer. As 'n staatsowerheid as demokraties wil bekend staan, kan hierdie stelling egter nie ongekwalifiseerd gemaak work nie. In Westerse demokrasieë word oor die algemeen nie probleme ondervind om die totstandkoming van 'n buitelandse inligtingsdiens te regverdig nie. Die probleme ontstaan egter as state groot binnelandse inligtingsdienste of departemente daarstel wat as hooftaak het om met die staatsonderdane of stemgeregtigdes te kommunikeer. "The outparty fears the power of an army of propagandists in keeping the ins in and the outs out" (Cutlip en Center, 1985:569). Sekere beperkings behoort op die moderne demokratiese staatsowerheid geplaas te word ten einde te verhoed dat sogenaamde beter kommunikasie tussen owerheid en onderdaan ontaard in politieke misbruik en bevoorregting van die regerende party. As die regering misbruik maak van uitsaaidienste soos die SAUK en as die regering die staatsinligtingsdiens aanwend om partypolitieke propaganda te versprei, word die wese van die demokrasie aangetas.



*Pieter Mulder is KP LP (voorheen hoof van die dept. Kommunikasiekunde, PU vir CHO).*

Die SAUK is by uitnemendheid 'n voorbeeld hiervan — veral die laaste tien jaar. In die twintig jaar wat dit voorafgegaan het, het die SAUK in relatiewe rustigheid sy taak vervul onder leiding van dr. Piet Meyer. Subtiele inmenging het waarskynlik agter die skerms plaasgevind maar die skyn van SAUK-outonomie is behou. Toe neem mnr. P.W. Botha oor en alle subtiliteit word oorboord gegooi. In die volgende tien jaar het die SAUK vyf direkteurs-generaal gehad. Ek verwys na dr. Jan Schutte, mnr. Jan Swanepoel, mnr. Steve de Villiers, mnr. Riaan Eksteen en nou mnr. Harmse. Prof. Mouton moet as voorsitter van die beheerraad ook bygereken word.

Die korporasie was in dieselfde tydperk die ver-



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

antwoordelikheid van vier verskillende departemente: min. Hennie Smit by Pos- en Telekommunikasie-wese; min. Pik Botha by Buitelandse Sake; min. Schlebusch by Administrasie en nou min. Van der Merwe as deel van Inligting.

Die feit dat Inligting en die SAUK nou by dieselfde minister is, gee reeds 'n aanduiding van die regering se filosofie oor die SAUK en hoe dit aangewend moet word.

Op die oog af word die outonomie van die SAUK erken en word daar heftig ontken dat daar enige inmenging van regeringskant af is. In die praktyk lyk dit egter anders. In veral min. Pik Botha en mnr. Schlebusch se termyne het die inmenging 'n hoogtepunt bereik. In hierdie tydperke is daar gedurig veranderinge aan die raad van die SAUK aangebring. 'n Lang lys van name wat gekom en gegaan het, kan voorgehou word. Name soos prof. Wynand Mouton, natuurwetenskaplike, rektor van die UOVS en lojale ondersteuner van die Staatspresident; oud-Kapelaan-generaal Koos van Zyl, 'n vertroueling van die agb. Staatspresident; mnr. Dirk de Villiers wat 'n biografie oor pres. P.W. Botha geskryf het; prof. H.C. Viljoen wat 'n lojale Kaapse NP-ondersteuner en bestuurslid was asook prof. Sampie Terblanche, lid van die NP dinkskrum op Stellenbosch.

Die vraag wat gevra moet word, is of hierdie groep persone radio- en TV-kundigheid in gemeen met mekaar het of is al wat hulle in gemeen het hulle lojaliteit teenoor die Staatspresident?

Die antwoord hierop blyk uit die feit dat toe prof. Sampie Terblanche sy Nasionale Party lojaliteite vaarwel toeroep, sy sogenaamde "kundigheid" van die media nie meer op die raad benodig was nie. Al was hy onder-voorsitter van die SAUK raad, is hy net nie weer herbenoem nie.

Om sake nog ingewikkelder te maak, kry ons, veral in die tyd toe min. Pik Botha die verantwoordelike minister was, dat hy sy eie klein "empire" by die SAUK probeer bou het. As jy in die reisies om die Presidentskap is, kan dit baie help as die SAUK aan jou kant is!

Dink iemand dat die aanstelling van mnr. Riaan Eksteen 'n suiwer meriete-aanstelling van 'n outonome SAUK beheerraad was sonder inmenging van die agb. minister van Buitelandse Sake? Glo iemand dat dit toevallig was dat mnr. Eksteen ook van Buitelandse Sake afkomstig was en toevallig ook aan die WO verbonde was, soos min. Pik Botha?

Wat die toeval soveel groter maak, is dat dr. Brand Fourie kort daarna as die nuwe voorsitter van die SAUK-beheerraad aangestel is. Glo iemand dat dit toevallig was dat dr. Fourie ook van Buitelandse Sake afkomstig was en toevallig ook vir lank onder min. Pik Botha gewerk het?

Die vraag is: waarom het die regering die afgelope tyd op so blatante manier by die SAUK ingemeng? En die antwoord: Omdat die regering in sy denke oor die staat en kommunikasie die SAUK nie as 'n outonome liggaam sien nie maar sien as 'n verlengstuk van die Nasionale Party. 'n Verlengstuk wat as taak het om die Nasionale Party aan bewind te hou en hoofsaaklik hulle politieke denke na die kiesers uit te dra. Hierdie filosofie is reeds so gevestig dat nuwe regerings waarskynlik sonder veel teenstand op dieselfde trant sal kan voortgaan.

Wat was die effek van hierdie regeringsinmenging op die SAUK?

As die geskiedenis van die SAUK eendag geskryf word, sal met reg na die verskillende bestuurs-dinastieë verwys kan word. Verskillende bestuurs-dinastieë wat gekom en gegaan het en wat aan verskillende tydperke en aan persone gekoppel kan word.

Daar was die dinastie waar die finansies- en administrasie-amptenare die SAUK gedomineer het met mnr. Jan Swanepoel as 'n prominente naam.

Daar was 'n dinastie waar die ingenieurs die SAUK gedomineer het. Groot klem is in hierdie tyd op die tegniese aspekte van uitsaai gelê.

Daar was die dinastie van die kuns-, kultuur- en programmense met dr. Jan Schutte, mnr. Steve de Villiers en Pieter de Bruyn as prominente amptenare.

En dan kom ons by die Eksteen-dinastie. Deur die nuus- en nuuskommentaarprogramme kon die regering se opdragte die beste uitgevoer word. Daarom het mnr. Eksteen verskeie stappe geneem wat hierdie nuusdinastie in die SAUK tot stand laat kom het.

Die eerste stap was om al die verskillende nuus- en openbare aangeleenthede programme onder een kombers te kry. Programme soos Verslag; Pols, Midweek, News Focus ens. is op 1 Sept. 1985 saamgesnoer om Netwerk te vorm. Deur nuus en aktualiteit in een departement saam te snoer kon maksimale beheer verkry word. Voortaan sou daar elke aand 'n dokumentêre-nuus program in Netwerk uitgesaai word. Ek sou graag wou weet hoeveel poste geskep moes word om Netwerk op 'n gereelde basis moontlik te maak.



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

Die tweede stap was om te verseker dat die nuus en aktualiteitsprogram die sentrale plek in die uitsaaiprogram inneem. Dit sou verseker dat die regering se boodskap die bevolking bereik. Vanaf hierdie tyd is Netwerk 'n uurlange program wat om agtuur in die aand uitgesaai word. Dit is televisiespitstyd. Programskeduleerders sal vir jou sê dat jy hierdie tyd nie net met nuus en nuuskommentaar moet vul nie. Veral programme wat die nuus agter die nuus behandel, is swaar kykstof en word in meeste lande van die wêreld eers later in die aand aangebied omdat alle kykers nie daarin belang stel nie.

Behalwe dat Netwerk die spitstyd-plek in die aand inneem, is ook gereël dat TV4 eers om negeuur in die aand mag begin uitsaai. Dit verhoed dat kykers die propaganda kan ontduik en na 'n ander kanaal oorskakel. M-Net mag ook geen nuus of nuuskommentaar uitsaai nie. Hiermee is die nuusmonopolie en kontrole verseker. Ek sou graag Netwerk se kyksyfer wou sien as kykers ander keuses gehad het.

'n Laaste bewys dat die SAUK 'n nuus-dinastie beleef het, blyk uit die feit dat naas mnr. Eksteen bykans die helfte oftewel 3 uit die 7 lede op sy bestuurskomitee nuusmense was.

Die ironiese is dat al hierdie gedienstigheid nie mnr. Eksteen kon red nie. As jy eers een keer toegelaat het dat die regering jou manipuleer, kan jy nie jou outonomie herstel nie. Toe die Staatspresident en eerw. Hendrickse verlede jaar in Augustus 'n botsing het wat tot eerw. Hendrickse se bedanking uit die kabinet lei, kon die SAUK die nuus net nie tot die tevredenheid van die Staatspresident uitsaai nie. Na 'n persoonlike telefoonoproep van die Staatspresident aan mnr. Eksteen beleef ons die sirkus dat 'n tipe regstellende verduideliking verskeie kere deur 'n siniese mnr. Freek Robinson oor Netwerk gelees moes word. Die vraag is — as die leier van die KP, PFP of ander politieke groep die SAUK skakel en nie tevrede is met die nuushoek van 'n berig nie, sal dieselfde moeite gedoen word?

Daarna is 'n nuwe pos, hoofredakteur: Politiek geskep sodat, volgens Beeld van 11 Sept. 1987, mnr. Johan Pretorius toesig oor die jonger verslaggewers by die Parlement kon kom hou. Ek hoor in die volksmond hulle sê mnr. Pretorius het in Tuynhuis ingetrek sodat hy naby kan wees as die staatspresident hom vir 'n onderhoud nodig het! Die arme mnr. Robinson hoor ons af en toe as hy oor die koue weer in Londen verslag doen.

Nou word gesê — daar is geen spesifieke opdragte van die regering aan die SAUK oor hoe die organisasie sy nuusberigte moet skryf nie. Dit mag waar wees. Die feit is egter dat 'n verslaggewer, wat werk in 'n atmosfeer soos hierbo geskets, deurlopend selfsensuur toepas. Hy pas by die skryf van elke berig selfsensuur toe omdat hy weet wat as aanvaarbaar binne sy organisasie beskou word en met die wete dat hy gevaar loop om "ge-eksteen" of "ge-robinson" te word.

Het mnr. Harmse uit die lesse van die verlede geleer en gaan hy daarin slaag om van die outonomie en geloofwaardigheid van die SAUK te herstel? Slegs die tyd sal leer. Niks dui egter daarop dat die Regering sy standpunt en kommunikasiefilosofie oor hierdie sake verander het nie. Die les wat die regering uit die gebeure geleer het, is waarskynlik om in die toekoms meer subtiel te wees en nie weer so blatant uitgevang te word dat jy inmeng nie!



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).